**APRIL 2025**

# Paasnuusbrief



**Herfs 2025**

Die warm en vogtige dae van Januarie en Februarie is verby en ons ervaar heerlike herfsweer - korter dae en kouer nagte - 'n aanduiding van die komende winter. Die sterk ooste winde het in die afgelope weke gesorg vir vinnige veranderinge in die seetemperatuur. Die koue seewater het heelwat mistige dae en daarmee saam 'n aantal visvrektes tot gevolg gehad. Gelukkig het 'n paar donderstorms gehelp om die Grootriviermonding oop te hou.

**Die gebruik en misbruik van publieke areas**

Die gebied langs die lagoon word soms besoedel deur vissers-afval en braaivleisvure gemaak op plekke waar dit nie toelaatbaar is nie. Vure kan slegs gemaak word in die braaiplekke by die lagoonparkeerarea. Rapporteer asseblief enige oortreding aan SANParke en versprei die boodskap dat vure slegs by die geboude braaiplekke toegelaat word. Die opgradering van die braaifasiliteite by die parkeerarea is in beplanning

'n Groeiende probleem is die vullis wat deur vissermanne langs die lagoon en langs die hele kus tot by Soutrivier agterlaat word. Stel asseblief vir SANParke in kennis indien enige besoedeling opgemerk word en verwyder dit asseblief self indien prakties moontlik.

**Bote**

Kano's wat nie vasgesluit is nie, skep probleme. Bote en ander vaartuie moet aan die relings wat opgerig is, vasgesluit word. Bote wat ongesluit rondlê sal verwyder word en langs die afvalstasie gestoor word.

**Konstruksiewerk**

Die Vallei se voorkoms verander voortdurend deurdat ouer huise herbou of heeltemal gesloop en nuwes opgerig word. Eienaars word daaraan herinner dat daar regulasies is wat gevolg moet word. Inligtigting in dié verband is by die kantoor (Lagoonweg 388) beskikbaar. Dit raak ook die snoei en moontlike verwydering van bome. Die sypaadjies behoort aan Bitou en die hele gemeenskap. Dit moet toeganklik en netjies gehou word. Boumateriaal en uitskothouers moet liefs binne die perseel geplaas word. Waar dit nie moontlik is nie, moet die kontrakteur die sypaadjies netjies en toeganklik hou. Die NVBV beplan om gereëlde toesighoudende besoeke af te lê, maar sal dit waardeer indien hierdie boodskap deurgegee word aan eienaars en kontrakteurs.

**Natures Valley Oorlegsone**

The NVBV komitee is besig met die ontwikkeling van 'n oorlegsone-dokument. Dit is in aanvulling tot die Bitou Zoning Scheme By-law, wat regulasies neerlê vir ontwikkeling van eiendomme in hierdie gebied. Samesprekings met stadsbeplanners is onderweg en daar is planne om dit eersdaags aan die munisipaliteit voor te lê. Die dokument sal daarna aan eienaars voorgelê word. Indien die oorlegsone goedgekeur word, sal dit bydae tot beheer oor die proses van goedkeuring van nuwe bouplanne. Dit sal ook help om bevolkingsdigtheid in Natures Valley te beheer en om die unieke karakter van die dorp te bewaar.

**Ondersteuning van 'n plaaslike inisiatif: Kids of Kurland**

Die Kids of Kurland Skoolprojek is in 2001 deur inwonders van die Vallei en The Crags begin. Die doel is om ondersteuning te bied aan Crags Primary School en om die vlak van onderrig te verbeter. Die projek is die inisiatief van 'n aantal toegewyde inwoners en het reeds gelei befondsing vir die aanstel van bykomende personeel. Sodoende word die getalle van kinders in oorvol klaskamers verlaag. Tans word drie onderwysposte ondersteun en daar word fondse ingesamel vir 'n vierde pos.

Een van die inisiatiewe is die verkoop van tweedehandse boeke. By die Blue Rocks Café is 'n rak vol goeie boeke wat te koop aangebied word. Ondersteun die projek asseblief. Donasies kan ook gemaak word deur van die volgende bankbesonderhede gebruik te maak:

ALENTI38t/a Kurland School Project, NEDBANK 1090 034 288 Ref : Surname
Contact : +27 72 386 9636 ; www.kidsofkurland.com

**Moontlike ontwikkelings in die gebied.**

Ons het bewus geraak van twee moontlike ontwikkelings wat gemonitor moet word.

**1 Uitbreiding van die Kurland woongebied** - Die Bitou Munisipaliteit beplan om die Kurland Township met 1500 nuwe huise te vergroot. Hierdie plan kan op verskeie vlakke bevraagteken word. Kurland se werkloosheidsyfer is reeds hoog en die voorsiening van dienste soos water en riolering sal 'n massiewe uitdaging wees. Op die langtermyn sal afvalbestuur en die behandeling van afvalwater 'n bedreiging van die Soutrivier ontvangsgebied behels. 'n Aantal belangegroepe is aktief betrokke by onderhandelinge met die munisipaliteit oor die saak.



**2 Gevangenis** - Die Bitou Munisipaliteit het reeds in 2013 die Departement van Korrektiewe Dienste versoek om 'n fasiliteit te ontwikkel wat die saak van groeiende werkloosheid aanspreek en om die plaaslike ekonomie te bevorder. Die voorstel het onlangs weer herleef en behels nou die bou van 'n 513-bed fasiliteit op 'n 'n stuk grond van tussen 25 en 120 hektaar. Drie moontlike plekke word genoem. Twee wes van Plett en die derde in Covie. So 'n ontwikkeliing sal 'n massiewe uitbreiding van die totale infrastruktuur vereis. Daar is nie voldoende watervoorsiening in die gebied nie. Die NVBV sal die ontwikkeling van so 'n moontlike plan dophou en inwoners op die hoogte hou.

**Bydraes vir die NVBV:**

Eienaars se voortgaande ondersteuning en bydraes word waardeer en stel die NVBV in staat om met die Munisipaliteit te onderhandel en toe te sien dat effektiewe dienslewering plaasvind. Daar moet voortdurend gesorg word dat eienaars en die Munisipaliteit getrou bly aan titelaktes ten einde Natures Valley met sy besondere karakter te bewaar. 'n Bydrae van R500 per jaar word voorgestel en baie waardeer.

**Bankbesonderhede: NVRA, Standard Bank, Plettenberg Bay, Tak: 050714, A/C No. 082609217**
**Gebruik die erfnommer en naam as verwysing en stuur bewys na Annamarie Kovacik 044 531 6699 of by office@nvra.co.za vir meer besonderhede.**

**Sosiale samekoms**

Planne word beraam om 'n ou tradisie te laat herleef deur 'n samekoms van inwoners in die vorm van 'n bring-en-braai te organiseer. Dit word beoog vir die middwinter en kennisgewings sal uitgestuur word teen einde Junie.

**Natures Valley Superintendent**

Marco Barnardo, the Bitou Munisipaliteit se Superintendent vir Nature's Valley en Covie se kantoor is in die Phyl Martin Park. Kantoorure in vakansietyde is Maandag tot Donderdag 07h30 tot 16h30, Vrydae 07h30 tot 13h30.
In noodgevalle kontak Bitou Municipal Care line 086 124 8686.
Marco is nie altyd op kantoor nie en kan gekontak word by 044 531 6757/080 021 2797 of mbarnardo@plett.gov.za.

**Honeysucker**

Die prosedure om vir hierdie diens te reël is die volgende:

1. Doen die inbetaling aan Bitou.
2. Stuur die bewys van betaling aan Bitou customer care in Plettenbergbaai of na die superintendent se kantoor om die bespreking te doen.

Honey sucker tarriewe 01/07/2022 tot 30/06/2023:
Maandag tot Vrydag – R719.90
Saterdag – R1079.85
Sondag en openbare vakansiedae – R1439.80

Bankbesonderhede:
Standard Bank – Plettenberg Bay
Rekening nommer – Soek vir Bitou Municipality in die business directory
Verwysing – 20200629985030 **en** erfnommer.

Die betaling is vir een vrag. Indien die tenk groter is as die vragmotor se kapasiteit, kan vir 'n volgende vrag ook betaal word.

Daar is tans twee vragmotors in diens, die een het 'n kapasiteit van 6000L en die ander 8000L.
Die beskikbaarheid van die spesifieke vragmotor sal bepaal hoeveel uitgepomp kan word.
Marco het nie daaroor beheer nie.

.

**Afvalverwydering**

Bitou se diens vir oplaai van afval is op Vrydae vanaf 07h30. Let wel - **geen** diens gaan gelewer op Goeie Vrydag nie – neem asseblief afval na die afvalstasie. Huishoudelike afval moet in 'n bobbejaanbeveiligde wheelie bin in die straat geplaas word. As die houer nie groot genoeg is om al die afvalsakke te bevat nie, moete die res na die afvalstasie geneem word.

